VERJAARSDAE 1 TOT 7 FEBRUARIE 2009

02/01	RUAN	VAN DER BERG	HANS STRIJDOMLN 145(A)	Blok 3
02/01	WILLEM	SCHOLTZ	DF MALANLN 189	Blok 2
02/02	BELINDA	BESTER	KRUGERLN 100	Blok 3
02/02	JAPIE	HERSELMAN	TRICHARDTWEG 14	Blok 1
02/02	CHRIS (JNR)	BOTHA	HANS STRIJDOMLN 212.	Blok 2
02/03	CARLA	VAN WYNGAARDT	KRUGERLN 187	Blok 2
02/03	SANDRA	MEYER	SMUTSLN 196	Blok 2
02/03	BOET	VAN DER WATH	HANS STRIJDOMLN 15	Blok 4
02/04	FRIEDA	COLLINS	STORMSTR 259A	Blok 4
02/04	JOHAN	NEL	HANS STRIJDOMLN 92	Blok 3
02/05	HENNIE	STEYN	DF MALANLN 249	Blok 1
02/05	FRANS	VD WESTHUIZEN	FITZPATRICKWEG 50	Blok 2
02/06	JOHAN	LANDMAN	SMUTSLN 254	Blok 1
02/07	ALFRIEDA	SCHOLTZ	HELDERBERG WS 5	Blok 4
02/07	MINETTE	PIENAAR	VAN RIEBEECKLN 277	Blok 1

SPESIALE GELUKWENSING

Aan oom Boet Van der Wath, Hans Strijdomln 15 (664 4406), baie geluk met sy 84ste verjaarsdag Dinsdag 3 Februarie. Gods rykste seën word u toegebid.

SONDAG, 1 FEBRUARIE

BASIE EN JOEY WOEKE	HANS STRIJDOMLN 110	Blok 3
DARRYL EN DOLLY PIENAAR	TULIP PARK 29	Blok 4

VRYDAG, 6 FEBRUARIE

JOHAN EN BLONDIE LANDMAN	SMUTSLN 254	Blok 1
PHILLIP EN ANADRA CRAFFORD	VAN RIEBEECKLN 196	Blok 2

FONDSINSAMELING JEUG

As deel van fondsinsameling deur die Jeug, is daar 'n RONNIE-HOUER in die parkeerarea en die versoek is dat u al u ou koerante, tydskrifte en afvalpapier daarin plaas.

Hierdie projek is reeds lank aan die gang en ons is baie dankbaar vir al die bydraes wat reeds ontvang is — nog meer is meer as welkom! U ondersteuning word hoog op prys gestel.

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos
FAMILIENUUS
Sondag, 1 Februarie 2009
Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 1 FEBRUARIE
4de Sondag na Epifanie
Biddag vir Opvoeding en Onderwys
Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
Voorstel van Mentors
09:00 Kinderediens
18:00 Aanddiens: Ds Freddie Schoeman
Tema: Die beste vraag ooit
18:45 Kategese/Kuier
18:30 Speel/Kuier

MAANDAG, 2 FEBRUARIE
19:00 Droomspan vergadering
19:00 Diakonie vergadering

DINSDAG, 3 FEBRUARIE 2009
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 4 FEBRUARIE
17:00 Biduur
18:30 Jeugraadvergadering—Oppiekoffie

DONDERDAG, 5 FEBRUARIE
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
19:00 Ouderlinge vergadering

VRYDAG, 6 FEBRUARIE
06:00-06:30 Stiltediens
18:00– 22:00 OppiKoffie

SATERDAG, 7 FEBRUARIE
08:00 Wen met Mense II

SONDAG, 8 FEBRUARIE
4de Sondag na Epifanie
Biddag vir Onderwys en Opvoeding
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
Voorstelling van Mentors
09:00 Kinderediens
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Kuier
19:30 Speel/Kuier

MAANDAG, 2 FEBRUARIE
19:00 Droomspan vergadering
19:00 Diakonie vergadering

DINSDAG, 3 FEBRUARIE
06:30 Rommelverkoping in die sentrum

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 Hy sal DV Junie/Julie 'n nieroorplanting ondergaan. (Blok 2).

   Ons dink in besonder aan sy moeder Colleen wat bereid is om aan hom 'n nier te skenk. Sy vader Francois en ook oupa Dolf word sterkte toegebid in die moeilike tye wat hulle beleef met Adolf se siekte.
2. Tania en Willie Neu, Krugerln 250 met Tania se moeder wat tans ernstig siek is (Blok 1).
3. Johan en Hester Gerber, DF Malanl n 133 wat albei tuis herstel na operasies (Blok 3)
4. Anna Siepker, Van Riebeeckln 41 wat 'n heupoperasie ondergaan het. Sy sterk tans tuis aan (Blok 4).
5. Tannie Joan Viljoen, Hans Strijdomln 204, wat geval en twee ribbebene gebreek het. Sy het weer geval en haar skouer en neus beseer (Blok 2).
6. Marita de Jager, Van Riebeeckln 7 wat tuis herstel (Blok 4).
7. Heinz en Vasthi Meissner, Van Riebeeckln 189 met Heinz se rugprobleme (Blok 2).
8. Connie en Pina Conradie, Krugerln 285 met die traumatiese ervaring wat hulle gedurende die week ervaar het (Blok 1).

KLUB IMMERGROEN BESIGHEIDSVERGADERING

SATERDAG, 14 FEBRUARIE :
10:00
GEMEENTESENTRUM

Uitnodigings sal uitgestuur word.

WOORDWYSER BYBELSKOOL

Kom ontdek die diep en ryk inhoud van die Bybel op 'n verrassend nuwe manier!

Agt geleenthede deur die loop van die jaar (sien gemeenteprogram)

Tweede geleentheid: 24 Februarie 2009
08:00—12:00 In die gemeentesentrum

Tema: Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Sinoptiese Evangelies lees?

Die Bybel is God se Woord. Hy wil graag met ons deur sy Woord praat. Dit is een van die maniere waarop Hy met ons wil kommunikeer. Maar hoe kan ons onsself instel om God se stem te hoor wanneer ons die Bybel lees? Hoe weet ons dat ons nie maar net ons eie gedagtes inlees nie?

Koste: R50 (sluit kursusmateriaal in)

Om in te skryf kontak Freddie Schoeman 0845818139,
vul 'n terugvoervorm in (in die banke)
of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

ONS IS OP SOEK NA

Klimrame waarop gemeentekinders op die kerkterrein kan speel

As jou kinders dit nie meer gebruik nie, wil jy dit nie oorweeg om dit aan die gemeente te skenk nie?
Ons sal dit restoureer en verf indien nodig.

Kontak: Freddie Schoeman 0845818139

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

ROMMELVERKOPING

'n Rommelverkoping vind plaas op ***DINSDAG, 3 FEBRUARIE.*** U kan bydraes (veral gordyne en beddegoed) afgee by Ria Maree, Fitzpatrickweg 21 of by Dries van der Merwe, Van Riebeeckln 149.

Hulp met die merk van artikels op ***MAANDAG, 2 FEBRUARIE*** vanaf 09:00 sal baie waardeer word. Meld net aan indien u behulpsaam kan wees.

GEMEENTEKONFERENSIE
SATERDAG 17 JANUARIE 2009

Saterdagoggend 06:00-0615 vertrek 27 lidmate vanaf die kerk na die konferensie-terrein Noord van Pretoria op die Molotopad, verby Roodeplaat-dam na Wally en Tina Haywood se plekkie in die Bosveld genaamd ***"DEO VIOLENTE".***

Ons word verwelkom met heerlike tee, koffie, beskuit, muffins, botterbroodjies en die nodige daarmee saam.

Elkeen stel homself/haarself voor en meld wat hul gunsteling iets is, bv naaldwerk, bou, sjokolade, braai, eet, koffie, mooi dinge, skilder, motors, stap, lees, visvang, vakansie, soetgoed, grassny, rondry, fietsry, tuinmaak, hengel, kassieke dans, klassieke musiek, kondensmelk, kinders en Celvin Hobbs. 'n Wye verskeidenheid!

Die groep is mooi verdeel tussen mans en vroue – so 50%-50%. Die ouderdom was vanaf 15 tot 70 jaar. Daar was 'n paar jonger kinders teenwoordig en hulle het die vryheid van die natuurskoon geniet deur te speel en net kind te wees op die groot terrein.

En soos die gebruik in Lyttelton-Oos is – ons KAN lekker eet!

Om 11:00 het ons die geleentheid gekry om iets "ligs" te eet. Die verskeidenheid en lekkerte het varieer van lekker, baie lekker, tot heerlik!

Om *"dankie"* te sê is nie genoeg nie. Maar, hoe sê 'n mens dan groot **DANKIE?** ***DANKIE*** aan almal wat 'n bydrae gebring of gelewer het.

Maar, daar is ook aan belangrike sake aandag gegee. Al 27 gemeentelede het insette, kommentaar, voorstelle en kritiek gelewer.

Waaroor? Hoe die gemeente funksioneer; bedryf word; dinge doen, ensovoorts op 'n geestelike asook praktiese wyse.

Natuurlik nader na die namiddag toe word dit al moeiliker vir ds Schoeman om die lede betrokke en hulle belangstelling te hou. Maar met moed en geloof, wat altyd teenwoordig is, kon die sessies aan die gang kom en resultate bereik word.

En toe breek die laaste sessie aan. Dit was om ongeveer 14:30 (half drie die middag). Skielik het die entoesiasme opgevlam. Vure is aangesteek, pap is geroer, die swembad se lafenis is opgesoek.

Toe word ons dors en honger en word daar heerlik gebraai en lekker gekuier!

Die vertrek na so 'n genotvolle byeenkoms was nie baie lekker nie – maar moes ook gedoen word!

Ons dank en erkenning gaan aan Wally en Tina wat die fasiliteite beskikbaar gestel het.

Johan Bauer

VOORSITTER : KERKRAAD

Ontdek jou Potensiaal

Saterdag 14 Maart 2009
08:00—16:00

'n Dag-seminaar om jou te help om jou talente te ontdek en te ontwikkel

JY IS UNIEK!

Elkeen van ons is geskape met 'n doel (Ef 2:10). Jy ook. Jou doel verskil van ander. Daarom het die Here jou uniek gevorm en ontsaglik baie in jou belê. Hy het jou toevertrou met gawes van onskatbare waarde. *Dit is egter 'n skat wat nie aan jou behoort nie—die Here het jou daarmee geseën ter wille van ander*. Jy moet dit egter ontwikkel en bestuur.

Hoe gaan ek te werk om my potensiaal te ontdek?

- Skryf in deur 'n sms aan 0845818139 of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za te stuur.
- Jy sal 'n boek ontvang waarin daar 'n kode is. Hierdie kode moet jy gebruik om op die internet 'n vraelys in te vul. Die vraelys word gebruik om jou vyf top talenttemas te ontdek. Jy sal 'n verslag ontvang wat jy moet uitdruk.
- Bring die verslag saam na die seminaar.

Koste: R290 per persoon, betaalbaar wanneer jy die boek ontvang.

Daar is ook nog drie ander geleenthede hierdie jaar:

30 Mei 2009
29 Augustus 2009
7 November 2009

WEN MET MENSE

'n Twee-dag seminaar om jou te help om jouself te verstaan en ander emosioneel by te staan.

- **Leer jouself verstaan**: Wie is jy en hoekom tree jy op soos jy optree?
- **Leer ander verstaan**: Hoekom maak ander mense soos hulle maak en hoe kan ons hulle beter verstaan en goeie verhoudings met hulle handhaaf?
- **Leer hoe om ander by te staan**: Wat sê ek en hoe tree ek op wanneer ander in nood is my hulp en bystand nodig het?

Dag twee:
7 Februarie 2009
08:00—16:30
(Koste: R100)

[Nota: Dit is moontlik om dag een by te woon sonder om dag twee by te woon, maar dag twee bou op dag een kan dus nie sonder dag een bygewoon word nie.]

Om in te skryf: Skakel Hannelie du Preez (0829089656) of Freddie Schoeman (0845818139) of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

ATTESTATE ONTVANG

Vanaf die APK Kerk Verwoerdburg:

Belydende lidmaat: Ralie Joan Immelman (nou Viljoen)
Sy woon in Hans Strijdomln 204 (Wyk 09Ab) Blok 2

Vanaf Herman Steyn Vereeniging:

Belydende lidmate: Philippus Marthinus van Rooyen
Isabella Johanna van der Merwe (nou Van Rooyen)
Petrus van Rooyen
Dooplidmate: Philippus Marthinus van Rooyen
Nicolene van Rooyen
Hulle woon in 8 Mt Crosson Close, Midlands Estate, Midrand Estates (Wyk 26Aa) Blok 4

Vanaf Wierdapark-Suid:

Belydende lidmate: Johannes Petrus Badenhorst
Anna Dorethea Wilhelmina Coetzee (nou Badenhorst)
Dooplidmate: Johannes Gerhardus Badenhorst
Johannes Petrus Badenhorst
Hulle woon in DF Malanln 239 (Wyk 7) Blok 1

Baie hartlik welkom aan al hierdie lidmate by Lyttelton-Oos gemeente. Ons hoop julle sal baie gelukkig hier wees en dat julle sal inskakel by die aktiwiteite van die gemeente.

NG LYTTELTON-OOS 2009 JAARTEMA

Leef naby aan die Here

Wat gebeur wanneer jy naby aan die Here leef?

- Jy beleef sy teenwoordigheid elke dag
- Jy ontdek sy wil vir jou lewe
- Jy ervaar sy hulp en bystand in tye van nood

Hoe leef ek naby aan die Here? Deur 'n *luisterhouding* in te neem.

Ons luister na God ….

DEUR NA SY **WOORD** TE LUISTER
(Eerste kwartaaltema)

Sondag 25 Januarie—22 Februarie

DEUR NA **MEDE-GELOWIGES** TE LUISTER
(Tweede kwartaaltema)

Sondag 17 Mei—14 Junie

DEUR NA **ANDER** TE LUISTER
(Derde kwartaaltema)

Sondag 16 Augustus—13 September

DEUR NA DIE **GEES** TE LUISTER
(Vierde kwartaaltema)

Sondag 18 Oktober—15 November

Boodskappe maak sterk gebruik van die dagstukkies in die Woordwyser dag-tot-dag Bybelleesprogam. Bekom 'n kopie by die inligtingtoonbank @ R90 stuk.

STILTEDIENSTE

Kom ons word elke Vrydagoggend 06:00—06:30 saam stil voor die Here

'n Stiltediens verloop so:

- Mense kom kerkgebou in stilte binne
- Lied wat stem tot nadenke
- Skriflesing(s)
- Stilte
- Slotlied
- Mense verlaat kerkgebou in stilte

Stiltedienste is 'n geleentheid om nabyheid van die Here te ervaar en sy kalmte en rustigheid deel van jou lewe te maak.

KINDERBEDIENING

Sondae 09:00

Kinderkerk elke Sondag tydens erediens (kinders woon eerste gedeelte van erediens by waarna hulle na die saal gaan vir kinderkerk en kategese.) *Ons kinderbediening kry hierdie jaar 'n nuwe baadjie!*

Hou hierdie spasie dop.

AANDIENS

Sondae 18:00

Ons aanddienste is informeel met lofprysing en aanbidding. Kom soos jy is en kom dien die Here met jou lofoffers.

TIENERBEDIENING

Kategese: Sondae na aanddiens
Vrydae 18:00—22:00 OPPI-KOFFIE!!

Oppikoffie is die plek om te wees Vrydagaande as jy jonk en energiek is — vind uit waar dit is!

Word deel van die DROOMSPAN!!

Alle gemeentelede is welkom om deel te wees van die droomspan. Dit is die span wat help om God se droom vir ons gemeente waar te maak, naamlik *'n gemeente van dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader*, dus 'n gemeente …

… waar elkeen besig is om God se liefde vir hulle te ontdek,
… waar elkeen besig is om hulle geloofsfamilie te ontdek
… waar elkeen besig is om naby aan God te leef
.,.. waar elkeen besig is om hulle potensiaal te ontdek
… waar elkeen besig is om lewensroeping te vervul.

(Raadpleeg die almanak vir datums van byeenkomste)

KERK EN SAALBESPREKINGS

Max hanteer die kerk en saalbesprekings asook betalings, indien nodig. Om botsings te voorkom is dit raadsaam om eers met haar te kontroleer voordat u reëlings van u eie maak. Aksies en kommissies moet ook nie as vanselfsprekend aanvaar dat die kerk en sentrum beskikbaar is nie.

Haar telefooonnommer is 012 664-3629 en e-pos: max_@telkomsa.net